# Verre Ooste Bootvaart-toer

## Japan, Taiwan & Hong Kong

### 26 November tot 10 Desember 2027

Kom saam op ons 15-dae avontuur na die **Verre Ooste**! Ons besoek ses hoogtepunt-bestemmings in die interessante Japan en daarna ook Taipei en Hong Kong. Reis vir elf dae vanaf Tokio tot Hong Kong met die elegante ***Norwegian Jade***. Die spesiale groepstarief beloop **R68 990** per persoon.

## ***Reisplan***

**Vrydag, 26 November** **KAAPSTAD / JOHANNESBURG → TOKIO**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand na Japan. Oornag aanboord na aandete. Ons land vroegmiddag op 27 November in **Tokio**, die polsende hoofstad van **Japan**.

Wat eens 'n rustige vissersdorpie was, is vandag een van Japan se grootste hawens. Antieke tradisies en historiese plekke meng hier met moderne kultuur om 'n stad te skep soos geen ander nie. Wandel tussen neonverligte wolkekrabbers en indrukwekkende tempels. Besoek winkels met die nuutste tegnologie, of ontspan in een van die rustige tuine rondom die Keiserlike Paleis. Hierdie kosmopolitiese stad bied 'n ongelooflike verskeidenheid besienswaardighede, aktiwiteite en kulturele ervarings. Of dit jou eerste of vyfde besoek is – Tokio sal jou verbeelding aangryp.

**Saterdag tot Maandag, 27-29 November** **TOKIO**
- Busvervoer vanaf die lughawe na die Tokio-hotel en vanaf die hotel na die hawe.
- Twee nagte verblyf in 'n uitgesoekte hotel, met ontbyt ingesluit.
- 'n Halfdag stadstoer van Tokio se hoogtepunte.
  Sien onder andere die *Meiji Shinto Shrine*, *Omoto Sando*, *Asakusa* (met die Senso-ji tempel, *Kaminari-mon Gate* en die *Nakamise shopping avenue, Tokyo Sky tree en Odaiba.*





Die diverse hoofstad van ***Japan*** het sowaar nie minder nie as 14 miljoen inwoners!

**Maandag, 29 November tot Donderdag, 9 Desember** **ELF DAE BOOTVAART OP DIE *NORWEGIAN JADE***
- Alle maaltye en vermaak, asook hawe-belastings is ingesluit.
- Opsionele land-ekskursies is beskikbaar en ons sal bystand verleen om dit so billik as moontlik te doen.

> Die gesaghebbende ***Berlitz*** reisgids skryf as volg oor die ***NORWEGIAN JADE***:
> "The ***Norwegian Jade*** is big and handsome – inside and out – and offers a great choice of optional dining rooms. It has 1 233 cabins and can accommodate 2 466 passengers. The public areas are bright and airy. The main showroom, the two-story *Stardust Theater*, holds 1 042 in comfy seating. It pulls of some pretty ambitious Broadway-style revues."

The ***Norwegian Jade*** operates ***Freestyle Cruising***. The most obvious difference between *Freestyle* and traditional cruising, is that the *Norwegian Jade* has sixteen different restaurants available for meals on a flexible basis to suit guests, rather than the rigid two sitting system. Guests can plan their evening around what they want to do, rather than around fixed mealtimes.



Die **reisplan** is as volg:

- Maandag, 29 November: Vertrek om **16:00** vanaf **Tokio**.
  Ons bus sal ons reeds om 11:30 by die ***Norwegian Jade*** besorg, sodat daar kans is vir 'n heerlike buffet-middagete in die *Garden Café* (dek 12) aanboord!






- Dinsdag, 30 November: Besoek **Mount Fuji (Shimizu)** (Japan) van **07:00** tot **15:00**.
  In die skadu van Berg Fuji lê Shimizu – een van Japan se mooiste hawens. Wandel deur die dennebome van Miho, tuiste van 'n 650 jaar oue Japannese swart denneboom, of bewonder asemrowende uitsigte op Berg Fuji vanaf die groen heuwel van Nihondaira. Geniet die see-uitsigte op 'n baai-bootvaart, ontdek onderwaterwonders by Japan se eerste sushi-museum, of kry 'n blik op feodale lewe in Japan by die Toro argeologiese terrein. Koop tradisionele Japannese houtwerk en plaaslike materiale, en proe *yokan* – 'n soet jellie-lekkerny.

  → 18:00: 'n Gesamentlike aandete is vir ons groep bespreek in die *Grand Pacific Restaurant* (dek 6).



***Shimizu-hawe*** met ***Mount Fuji***



***Kyoto*** word beskou as die kulturele hart van Japan

- Woensdag, 1 Desember: Besoek **Kyoto (Osaka)** (Japan) van **09:00** tot **20:00**.
  Omring deur golwende heuwels aan drie kante, word Kyoto beskou as die historiese en kulturele hart van Japan. Die stad was meer as 1 000 jaar lank Japan se hoofstad (794–1868). Ongeveer 1 600 Boeddhistiese tempels en meer as 400 Sjinto-heiligdomme is regoor die stad versprei. Van historiese plekke en rustige tuine tot heerlike plaaslike kos en unieke boetiekwinkels – Kyoto gee jou 'n besondere kykie in die hart van Japan se tradisies en kultuur.

- Donderdag, 2 Desember: Besoek **Kochi** (Japan) van **07:00** tot **16:00**
  Ontmoet vriendelike plaaslike inwoners en geniet egte plaaslike geure in hierdie verwelkomende stad, bekend vir sy beroemde gereg Katsuo no Tataki (liggies geskroeide tuna). Die middestad het in 1601 ontstaan rondom Kochi-kasteel, wat vandag een van die streek se bekendste besienswaardighede is. Stap oor die beroemde rooi Harimaya-brug, bekend uit 'n ou volkslied. Ontdek die pragtige Katsurahama-strand, waar die Sakamoto Ryoma-gedenkteken oor die see uitkyk en hulde bring aan hierdie legendariese Japannese vredes-onderhandelaar.

- Vrydag, 3 Desember: Besoek **Hiroshima** (Japan) van **07:00** tot **16:00**.
  Geskiedenis is oral sigbaar in Hiroshima. Die stad huisves een van die wêreld se mees aangrypende gedenkplekke – die Hiroshima Vredes-gedenkpark en Museum. Standbeelde, sale en monumente op hierdie UNESCO Wêrelderfenisgebied eer diegene wat tydens die Tweede Wêreldoorlog omgekom het. Hiroshima bied ook natuurlike skoonheid en talle buitelugaktiwiteite soos fietsry, stap en strandbesoeke. Die plaaslike kos is volop – veral die bekende Okonomiyaki, 'n hartige Japannese pannekoek gevul met vleis, seekos, kool en groente. Vars oesters is nóg 'n plaaslike gunsteling.



***Die Hiroshima Vredes-gedenkpark***

- <u>Saterdag, 4 Desember</u>: **Seedag**: ons vaar suid-weswaarts na Okinawa-eiland.
  Daar is kans om alles wat aanboord aangebied word te geniet!
  → 18:00: 'n Gesamentlike aandete is vir ons groep bespreek in die *Alizar Restaurant* (dek 6).

- <u>Sondag, 5 Desember</u>: Besoek **Naha (Okinawa-eiland)** (Japan) van **07:00** tot **15:00**.
  Geniet die skilderagtige platteland, Tweede Wêreldoorlog-gedenkplekke, indrukwekkende kalksteengrotte en 'n herskepte Ryukyu-dorpie waar die eiland se kultuur en handwerk uitgestal word. Neem pragtige Bingata-stof, handgemaakte papier, kleurvolle Tsuboya-yaki keramiek en ander handwerk saam huis toe. Okinawa se kombuis kombineer invloede van Chinese en Suidoos-Asiatiese kookkuns en bied iets vir elke smaak.




***Naha*** op Japan se suidelike ***Okinawa-eiland***



***Taipei*** met sy hoë ***Taipei 101*** gebou

- <u>Maandag, 6 Desember</u>: Besoek **Taipei (Keelung)** (Taiwan) van **09:00** tot **15:00**.
  Die hoofstad van hierdie fassinerende eiland – vroeër bekend as Formosa ("pragtige eiland") – het 'n ryk inheemse, koloniale en politieke geskiedenis. Neem foto's by die kleurvolle Mengjia Longshan-tempel, versier met drake, of bewonder die wisseling van die wag by die Chiang Kai-Shek Gedenksaal. Geniet 360° uitsigte oor die stad vanaf die uitkykdek op die 91ste verdieping van die Taipei 101-gebou. Daarna kan jy inkopies doen vir Taiwanese lakwerk, sy en kunswerke.

- <u>Dinsdag, 7 Desember</u>: **Seedag**: ons vaar verder suid-weswaarts na Hong Kong.
  Geniet alles wat aanboord aangebied word. As jy verveeld raak, besoek die biblioteek, speel kaart, of verwyl die tyd in een van die warmwater-jacuzzi's!
  → 18:00: 'n Gesamentlike afskeids-ete is vir ons groep bespreek in die *Grand Pacific Restaurant* (dek 6).

- <u>Woensdag, 8 Desember</u>: Ons arriveer in **Hong Kong** (China) (waar ons oornag) om **11:00**.
  Hierdie voormalige Britse kolonie kombineer moderne wolkekrabbers, antieke tradisies en ongelooflike kos. 'n Ware inkopieparadys – plaaslike winkels en markte bied alles van sy en juweliersware tot elektronika. *Victoria Peak*, die hoogste punt in die stad, bied asemrowende uitsigte oor Hongkong. Verken *Hollywood Road* met sy tempels en antiekwinkels, of neem 'n tradisionele junkbootvaart deur die indrukwekkende hawe.



***Hong Kong*** slaan 'n mens se asem weg as die son sak!



Die ***Norwegian Jade*** se swembaddek

**Donderdag, 9 Desember** **HONG KONG →**
Na 'n laaste heerlike ontbyt aanboord moet ons die ***Norwegian Jade*** groet en vertrek ons sak-en-pak na die lughawe vir ons vlug terug na Suid-Afrika. Aandete word op ons vlug bedien.

**Vrydag, 10 Desember** **→ JOHANNESBURG / KAAPSTAD**
Na 'n vroeë ontbyt en 'n wonderlike toer in die Verre Ooste, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte in die ekonomiese klas tussen Johannesburg & Tokio en Hong Kong & Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R1 850 vir die langer retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ 'n Elf-dae bootvaart vanaf Tokio na Hong Kong met die ***Norwegian Jade***. Akkomodasie in binnekajuite met alle maaltye, vermaak en hawe-belastings ingesluit.
- ✓ Bystand om die land-ekskursies tydens die bootvaart so billik as moontlik te doen.
- ✓ Verblyf, met onbyt elke oggend ingesluit, vir twee nagte in 'n uitgesoekte hotel in Tokio.
- ✓ Alle vervoer tussen lughawens, hotelle en hawens.
- ✓ Halfdag-besigtigingstoer in Tokio.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- ➢ Die toerkoste van **R68 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Junie 2026 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van $1 = R17.
- ➢ Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer/kajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- ➢ Die bybetaling vir 'n opgradering na 'n venster-kajuit beloop **R6 590** per persoon en die bybetaling vir die opgradering na 'n balkon-kajuit beloop **R25 990** per persoon.
- ➢ Verpligte diensfooie van **R3 400** ($20 per dag) vir die bootvaart is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- ➢ Begroot tussen **R4 000** en **R8 000** vir opsionele land-ekskursies (afhangende van hoeveel jy wil spandeer) ~ ons sal dit so billik as moontlik probeer reël vir ons groep.
- ➢ Groeps-reisversekering van ***Santam Reisversekering*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 70 jaar teen **R530** vir die 15 dae (vir diegene bo 69 jaar is daar 'n hoër tarief).
- ➢ Ons het die volgende visums nodig vir die toer:
    - 'n Visum vir **Japan**: die koste beloop tans R370 per persoon en volledige inligting oor die visum-aansoek sal in ons eerste toerbrief uiteengesit word.
    - 'n Visum vir **Taipei**: daar is geen visumkoste, net 'n koerierfooi en ons kan al die toerlede se aansoeke gesamentlik ingee in Pretoria.
    - Gelukkig het Suid-Afrikaners geen visums nodig om **Hong Kong** te besoek nie.

  Ons sal help met die visumaansoeke en al die nodige stawende dokumente aan elkeen verskaf.
- ➢ Ten minste 20 passasiers moet deurgaans saamreis.
- ➢ 'n Deposito van **R9 000** moet met bespreking vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- ➢ Die balans van die reisgeld moet **voor 14 Augustus 2027** vereffen word.
- ➢ Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: JAP27/ en u van

Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:

*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995